

Hein Viljoen

Dik en dun, gesirkuleer en afgestroop – kringlope om 'n gedig van T.T. Cloete

Abstract

This article explores the deconstructive technique of the reversal of oppositions by applying it to “uitgedun” (depleted, or depletion) from T.T. Cloete’s first collection, *Angelliera*. The single most important opposition in the poem, viz. between the basic and the complex or the rich (already a reversal of the usual polarity), is shown to be reversible. The absent rich and full state is necessary to confer a positive meaning on what is essential. The text, however, contradicts itself in the first stanza. There it reaches out to a possible full and rich state in the future, which contradicts the celebration of the basic or depleted state in the rest of the poem. The basic state is celebrated as a state of presentness to the self, after a period of self-alienation to the not so basic. However, the different metaphors of circulation – of blood, of merchandise and of bodies – in the end rather suggest an absence of selfhood, a self split and alienated from itself by cheap exchange in various circulations.

Dekonstruksie kom kortliks, en baie vereenvoudig, daarop neer dat mens die teks herskryf op so 'n manier dat daaruit duidelik blyk hoedat die betekenis ontstaan kragtens 'n vreemde en teenstrydige logika wat eintlik in die teks verswyg word of weggesteek word. Dit is tegelyk uitmekaar haal (destrueer) en weer (maar anders) inmeakaarsit (konstrueer). 'n Mens probeer dus vasstel waar die teks op homself terugvou, homself ondermyn en weerspreek. Barbara Johnson het die doel van dekonstruksie mooi saamgevat in haar article “The critical difference: BartheS/BalZac” (1980:441) toe sy dit omskryf het as “the careful teasing out of warring forces of signification within the text itself”.

Om 'n dekonstruksie van “Uitgedun” van Cloete te maak, moet ons dus probeer om te wys waar en waarom die teks homself weerspreek, terugvou op

homself, hoe dinge soos teenwoordigheid en afwesigheid en spore en veral natuurlik *différance* 'n rol daarin speel. Die maklikste punt, dikwels, om by te begin, is die opposisies in die teks. 'n Mens probeer aantoon dat elke opposisie eintlik 'n hiërargie is waarin die een term hoër staan as die ander en dan probeer jy aantoon dat die ondergeskikte een eintlik die belangrikste is, die een wat die opposisie moontlik maak. Dit is die dekonstruktiewe “move” by uitstek.

Maar eers die teks:

Uitgedun

*Ek dank U dat ek Heer
vanoggend soos van ouds weer
my baard mag skeer.*

*Vroeër was ek gesteld
op seks en soma, op geweld
en eer en geld*

*Nou Here is ek goedkoop
gesteld op bloedsomloop
en brood en stroop*

Angelliera (1980:76)

Hierdie teks is op die oog af baie eenvoudig; 'n eenvoudige dankgebed wat daarop neerkom dat die eenvoudige dinge van die lewe bo die verwickelde en groot dinge gestel word. 'n Ander belangrike opposisie is waarskynlik tussen *vroeër* en *nou*. Dit is meer as net 'n teenstelling in die tyd, want verskillende lewenshoudings, instellings teenoor die lewe, gesteld wees op sekere dinge word ook teenoor mekaar gestel. Hierdie dinge word veral in die tweede en derde strofe genoem, maar daar is 'n verskil in die manier waarop die dinge geartikuleer, opgedeel, aangebied word tussen die twee strofes. Strofe 2 meld “seks en soma, op geweld/ en eer en geld”. Daarteenoor word in strofe 3 gestel “bloedsomloop/ en brood en stroop”. Dit is al klaar 'n omkering van 'n teenstelling, nl. tussen dit wat vir die mens belangrik is (eer en geld) en wat vir hom belangrik behoort te wees (bloedsomloop en brood en stroop). 'n Mens sou ook kon sê die spreker het die groot menslike strewes laat vaar ten gunste van dit wat werklik saak maak en wat werklik belangrik is vir sy voortbestaan, vir sy lewe, metonimies aangedui met “bloedsomloop/ en brood en stroop”. Metonimies beteken dat 'n deel vir die geheel staan. 'n Deel word gegee en mens moet die afwesige geheel rekonstrueer. Brood en stroop is eenvoudige kos, waarop mens soms neersien, en dit word hier natuurlik gebruik as tekens van ander eenvoudige soorte kos, basiese kossoorte, stapelvoedsel, dit wat oorbly wanneer jy jou voedsel tot die mees basiese dinge afstroop, reduceer, uitdun. Hier is dus 'n teenstelling tussen basiese en minder basiese, of basiese en verwickeld, en dit is duidelik dat die hoogste waarde in hierdie gedig aan die basiese geheg word.

Dit is, soos ek gesê het, 'n omkering van die gewone toestand waarin ons neersien op die basiese, en hierdie toestand is in hierdie gedig eintlik *afwesig*. Dit is 'n toestand van vroeër, van voordat die reduksie tot die essensiële plaasgevind het, die afwesige volheid waarvan die gedig die uitgedunde of gereduseerde staat verteenwoordig. Maar natuurlik is hierdie afwesige volheid bepalend vir die gedig, want sonder hierdie kontras met die volheid, die uitgeswelde toestand, het die reduksie geen sin nie en veral ook geen positiewe waarde nie. Alleen na 'n ongesond ryk of vol toestand maak 'n waardering van die basiese en die uitgedunde sin, anders sou dit neerkom op 'n ongesonde armoede. Die uitgedunde toestand kan net verstaan word in sy verskil, sy *différence*, van die volledige toestand. Dit is hier natuurlik meer as 'n toestand, want dit dui metonimies op 'n vol en ryk lewe. Die eienaardige is dat die amper armoedige lewe teenoor die vol en ryk lewe gestel word. Die basiese is alleen basies as mens dit met die volheid kontrasteer; die staat van uitgedun wees kan net betekenis hê teen die agtergrond van die volledigheid. En daarmee het ek gedemonstreer dat dit wat hier sekondêr geag word, die volheid, noodsaaklik is vir die betekenis van die gedig.

Hierdie omgekeerde logika blyk egter ook uit die eerste strofe, want dit stel 'n voller toestand bo 'n armer toestand: die toestand van weer kan skeer teenoor 'n afwesige maar geïmpliseerde toestand waarin dit nie moontlik was nie, waarskynlik as gevolg van siekte of ander belemmering. Iets van die voller toestand (wat hier in die verlede geplaas is: "van ouds") is dus weer bereik. Om baard te kan skeer veronderstel bes moontlik 'n herstelproses waarin geleidelik daarna gestreef word om meer dinge te kan doen van die dinge wat vroeër wel gedoen kon word. Die spreker is dus op 'n pad van herstel geplaas wat uitreik na 'n vol, volledige toestand êrens in die toekoms. Dit is presies die teenoorgestelde van die res van die gedig wat juis die reduksie toejuig. Hier weerspreek die teks homself.

Maar ons kan verder gaan. Baardskeer is 'n nederige, selfs banale handeling, maar in die beskawing gebruiklik, miskien selfs noodsaaklik. Hoewel nederig is dit egter nie lewensnoodsaaklik nie. Bloedsomloop en brood en stroop (of die een of ander stapelvoedsel) is wel lewensnoodsaaklik én teken van armoede. Daar is m.i. egter twee redes waarom baardskeer vir die gedig lewensnoodsaaklik is; waarom dit so hoort binne die logika waarmee in die gedig gewerk word. Die een is dat die kontras tussen die Here dank en baardskeer eintlik die kontras tussen die hoë, verhewe dinge en die lae maar basiese dinge inlei. Die res van die gedig kan beskou word as 'n herhaling van hierdie opposisie, maar dan effens gewysig. Die rymwoorde dui hierdie kontras duidelik aan, omdat *Heer* met *skeer* gerym word.

Hoe sterk moet mens hierdie herhaling sien? Hoe sterk is hierdie parallelle? Sterk genoeg dat ons die Here saam kan groepeer met die verwickelde, nie-basiese, nie lewensnoodsaaklike dinge? Is dit wat die omkering van die logika tussen strofe 1 en die ander twee strofes aandui? 'n Sekere ongemaaklikheid omdat die dinge wat die lewe moontlik maak op die voorgrond staan, lewe dan in 'n bloot fisiologiese sin, en die Here nie onder die dinge tel

waarop die ek gesteld is nie? So iets sou ons nie graag aan die skrywer wou toedig nie, en daardie beperking, daardie limiet maak dat ons agter die basiese, materiële dinge nog vir God ook moet raaksien. Dit dwing ons tot 'n ossilasie tussen verheerliking van die lewe en verheerliking van die Here. Wie gaan oorheers? En is dit hierdie stryd wat versteek lê agter die besonder opvallende woord *geweld* – 'n woord wat hom in geen interpretasie wil laat integreer nie? Hy hang los. Hy het geen pendant/teenhanger in enigeen van die ander strofes nie, nes hy tipografies ook hang.

In strofe 1 is die opposisie verdeel oor die twee helftes van die strofe. Dit word dan verdeel oor die twee ander strofes, wat die twee strofes enersyds in opposisie plaas, maar andersyds die parallele tussen hulle op die voorgrond stoot. 'n Mens kry dieselfde struktuur van onbeslisbaarheid (kontrasteer dit nou of is dit juis parallel aan mekaar?), lyk my, in vers 2. Die “skoon” kontras tussen *vanoggend* en *van ouds* word gerelativeer deur *weer*, want dit dui op herhaling. Die *vanoggend* is 'n herhaling van 'n vroeër tyd en is dus nie soseer in opposisie daarmee nie. Ook deur die klank word die twee terme nader aan mekaar getrek: *van* word in albei uitdrukkings gebruik.

Uit die opposisie tussen *vroeër* en *nou* lyk dit asof die spreker 'n eenvoudige hede, 'n eenvoudige teenwoordigheid suggereer. Dit is veral ook 'n selfteenwoordigheid, 'n teenwoordigheid aan die self. Immers, die spreker het die verwikkelde en minder basiese dinge laat vaar, dit wat nie essensieel is nie, dit wat nie lewensnoodsaaklik is nie. In 'n sekere sin vervreem die dinge van strofe 2 die spreker van homself, omdat dit hom laat opgaan in dinge wat nie lewensnoodsaaklik is nie en wat veral ook baie abstrak en oneintlik is. Maar let ook daarop dat hierdie dinge deur die woordkeuse gediskrediteer word. Die spreker praat effens smalend daarvan. Die terugkeer na die basiese is dus ook 'n terugkeer na teenwoordigheid aan die self na 'n tydperk van selfvervreemding. En dat dit moontlik is om in hierdie skep van selfteenwoordigheid 'n uitsluiting van God te sien, het ek hierbo reeds betoog. Dit is redelik maklik om aan te dui dat die gelowige woorde in die gedig weerspreek word deur 'n teenoorgestelde logika van narcisme: die voornaamwoord *ek* kom net soveel keer as *Here* of *U* in die gedig voor. Let ook op dat deur die hele gedig *ek* nadruklik langs *Here* geplaas word:

*Ek dank U dat ek Heer – hier direk langs mekaar;
Nou Here is ek . . .*

Bowendien begin die gedig met *ek* en kom *ek* of *my* ook nog alleen in vers 3 en vers 4 voor.

Nog meer narcisme word weggesteek in die metafoor *goedkoop*. Dit is 'n metafoor uit die ekonomie en veroorsaak dat mens, as jy op daardie punt in die gedig kom, die voorafgaande dinge redelik radikaal moet herinterpreteer. *Goedkoop* is 'n fokusekspressie waaruit mens die versweë tenor “handelsartikel” kan aflei. Die spreker bied homself dus as handelsartikel aan teenoor God, maar dan as 'n goedkoop een, wat God nie veel gaan kos nie. Hy is

bereid om homself te ruil vir die basiese dinge soos bloedsomloop en brood en stroop. Sy ruilwaarde in sy eie oë het gedaal; hy wil nie meer dinge soos geld en eer in ruil vir homself hê nie. Hy plaas homself dus in 'n ekonomiese relasie met God, 'n relasie waarin hyself as handelsartikel gesirkuleer word. En dit maak mens bedag op die ander kringlope, sirkulasies waarvan die spreker praat: bloedsirkulasie, die spysverteringskringloop (wat deur *brood* en *stroop* gesuggereer word). Daar is ook kringlope waarin dinge aangebied word vir geld of vir eer; waarskynlik, soos ek reeds gesê het, die spreker self. Die sin van baardskeer lê natuurlik daarin dat jy jou daarmee gereed maak vir die beskaafde sosiale omgang, die “social circuit”. Maar dit is tegelyk ook 'n voorbereiding vir 'n ander kringloop.

Seks en *soma* word ook deur die sterk metafoor verskuil in *goedkoop*, omvorm tot elemente in sirkulasies, kringlope. Dit is die kringloop van die geslagte, die uitruil van liggame wat, met die suggestie van geld daarby, neerkom op prostitusie – 'n baie sterk vorm van selfvervreemding.

Die idee van kringlope word, terloops, versterk deur die herhaling van *en* in strofe 2 en 3. Dit versterk ook die parallelle tussen strofe 2 en strofe 3. Sou mens dus die opposisie tussen strofe 2 en 3 verder kan omkeer en ook van prostitusie kon praat in die laaste strofe? *Nou Here is ek goedkoop* sou mens seker so kon lees. En sou mens ook kon sê dat die spreker hom prostitueer vir basiese dinge, omdat hy die dinge ignoreer waarmee *soma* (en brood en stroop) kontrasteer, t.w. die res van die verskillesisteam, *pneuma* (“gees”) en *psyche* (“siel”)?

Bibliografie

- Cloete, T.T. 1980. *Angelliera*. Kaapstad: Tafelberg.
Johnson, B. 1980. *The Critical Difference: BartheS/BalZac* (in Davis, R.C. ed. 1986. *Contemporary Literary Criticism; Modernism through Poststructuralism*. New York & London: Longman. pp. 439–446).

Potchefstroomse Universiteit vir CHO